

**UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH**

**TOETSE EN EKSAMENS:
BELEID EN INLIGTING**

2018



**NAVRAE OOR DIE TOETS-, EKSAMEN- EN
HOOFKLASROOSTERS KAN GEDOEN WORD BY
DIE HOOF: ROOSTERS EN LOKALE, IN ADMIN A,
KAMER A2070
TEL NO 021-808 3022 / 3545**

Geslagsaanduiding

In hierdie publikasie sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, tensy die samehang van die woorde uitdruklik die teendeel aandui of daarmee strydig is.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

| | |
|--|-----------|
| VOORGRAADSE STELSEL VAN ASSESSERING | 2 |
| TOETSE | 3 |
| 1. Algemeen | 3 |
| 2. Geskeduleerde toetsdatums | 3 |
| 3. Toets- en/of klasroosterbotsings | 3 |
| 4. Afwesigheid van toetse | 4 |
| 5. Nie-aflegging van toetse op spesifieke dae weens geloofsoortuigings | 5 |
| 6. Ekstra skryftyd in toetse en eksamens..... | 5 |
| EKSAMENS | 6 |
| 1. Klaspunt benodig vir toelating tot eksamen..... | 6 |
| 2. Eksamenbeleid | 6 |
| 3. Eksamentydperke van eerste en tweede eksamens | 8 |
| 4. Nie-aflegging van eksamen op spesifieke dae weens geloofsoortuigings | 8 |
| 5. Eksamenlokale | 9 |
| 6. Wysiging van eksamendatums van modules | 9 |
| 7. Eksterne herbeoordeling van eksamenantwoordskrifte..... | 9 |
| 8. Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 10 |
| 9. Herregistrasie van gesakte modules..... | 10 |
| 10. Ekstra skryftyd in eksamens..... | 10 |
| EKSAMENBELEID IN SKEMATIESE VORM..... | 11 |

VOORGRAADSE STELSEL VAN ASSESSERING

Die **prestasiepunt (PP)** wat 'n student vir 'n voorgraadse module verwerf - wat aandui of 'n module geslaag word (PP=50 of meer); met onderskeiding geslaag word (PP=75 of meer); of gesak word (PP minder as 50) - kan deur middel van drie verskillende wyses van assessering bepaal word, naamlik:

1. 'n Amptelike **eksamen** word aan die einde van 'n semester in die module afgelê. Om die eksamen in 'n module te mag skryf, moet 'n **klaspunt** van minstens 40 in die loop van die semester(s) verwerf word; of
2. 'n Stelsel van **buigsame assessering**, met 'n verskeidenheid van goedgekeurde assesseringswyses in die loop van die semester(s), kan vir 'n module toegepas word. Geen klaspunt word vir modules wat buigsaam ge-assesseer word verwerf nie; of
3. Die **klaspunt**, wat in die loop van die semester(s) opgebou is, **geld as prestasiepunt** en geen eksamen word in die module afgelê nie (baie min modules word op hierdie wyse ge-assesseer).

Die wyse - een van bogemelde drie - waarmee 'n module ge-assesseer word, sal by die aanvang van die semester deur middel van 'n inligtingstuk, wat as die **moduleraamwerk** of **studiegids** bekend staan, aan studente verskaf word. Die moduleraamwerk/ studiegids word deur die dosent(e) van 'n spesifieke module aan studente verskaf en word normaalweg tydens die eerste voorlesings uitgedeel.

Volledige besonderhede oor die bogemelde drie wyses van assessering van modules word in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek, onder die hoofstuk **Universiteitseksamens**, verstrekk.

Die aflê van **toetse** in die loop van 'n semester vorm 'n belangrike deel van bogemelde drie wyses van assessering van modules en in die volgende afdeling word meer inligting oor toetse verstrekk.

TOETSE

1. ALGEMEEN

Vir elke module, ongeag die wyse van assessering, word daar minstens een formele toets in 'n semester geskeduleer, tensy die aard van 'n spesifieke module en/of die assessering daarvan die aflê van 'n geskeduleerde toets uitsluit. Inligting oor die bydrae van toetse tot die berekening van die klaspunt vir modules waarin eksamen afgelê word, of waar die klaspunt as prestasiepunt geld, of vir die berekening van die prestasiepunt vir modules wat buigsaam ge-assesseer word, sal in die moduleraamwerk/studiegids van elke module verstrekk word. Vir modules waar 'n eksamen vereis word, moet 'n **klaspunt** van minstens **40** verwerf word om die eksamen in die module te mag skryf. Die klaspunt moet **voor** die **eerste eksamen** in die module verwerf word.

2. GESKEDULEERDE TOETSDATUMS

Die geskeduleerde toetsdatums vir modules word op die webblad van die Universiteit gepubliseer en is verkrygbaar op dieselfde webblad as hierdie dokument.

Studente moet voor die einde van die tweede klasweek van elke semester seker maak dat daar geen toetsroosterbotsings tussen modules waarvoor hulle geregistreer het, voorkom nie. Indien daar wel toetsroosterbotsings voorkom, moet gelet word op paragraaf 3 hieronder.

3. TOETS- EN/OF KLASROOSTERBOTSINGS

Indien 'n student onoorkomelike toets- en/of klasroosterbotsings weens die volg van agterstallige modules ondervind, kan die betrokke modules nie saam gevolg word in dieselfde akademiese jaar nie.

Indien daar toets- en/of klasroosterbotsings tussen modules van 'n **spesifieke** jaargang van 'n program voorkom, beteken dit dat 'n ontoelaatbare kombinasie van modules/vakke gekies is.

Skrapping van geregistreerde modules om bogemelde roosterbotsings uit te skakel, moet binne die eerste twee klasweke van elke semester, verkieslik deur studente self op web in die Studenteportaal, of by die Fakulteitsbeamptes in die Kursusafdeling in Admin A, gedoen word. Geen byvoeging of skrapping van modules sal vanaf die derde klasweek van elke semester toegelaat word nie.

4. **AFWESIGHEID VAN TOETSE**

'n Student moet die dosent(e) van (n) module(s) sonder versuim raadpleeg indien hy deur siekte of ander oorsake verhinder is om die klasse by te woon of die klastoetse af te lê of versuim het om die klaswerk uit te voer. In gevalle waar die afwesigheid deur siekte meegebring word, moet 'n skriftelike aansoek om verlof tot afwesigheid sonder versuim aan die Registrateur voorgelê word, behalwe waar die afwesigheid slegs ten opsigte van een toets was, in welke geval die Registrateur nie die verlof tot afwesigheid sal hanteer nie, maar die betrokke dosent self. Sodanige aansoek moet vergesel word van 'n mediese sertifikaat wat aan die volgende vereistes voldoen en die volgende inligting bevat:

- Naam van die pasiënt/student;
- Datum en tyd van mediese ondersoek;
- 'n Aanduiding dat die sertifikaat uitgereik is na 'n persoonlike observasie (uitgesluit telefoniese konsultasie of mededeling) van die student deur 'n toepaslik-geregistreeerde mediese praktisyn;
- Bevestiging dat die student as gevolg van die siektetoestand nie klas/se sal kan of kon bywoon nie, of die klastoets(e) aflê nie, of die klaswerk uitvoer nie, en
- Enige ander inligting wat na die oordeel van die praktisyn nodig of relevant sal wees.

Die Universiteit behou die reg voor om die prognose en verdere besonderhede van die praktisyn te versoek en aanvaar te goeder trou dat die student nie onredelik toestemming daarvoor sal weerhou nie.

Die volgende algemene reëls vir die inlewering/hantering van mediese sertifikate geld:

- Mediese sertifikate wat betrekking het op die afwesigheid van 'n assessering (uitgesluit modules wat ingevolge die eksamenbeleid geassesseer word) of laatinlewering van 'n akademiese opdrag, sal slegs oorweeg word indien dit uitgereik is binne 24 uur van die assesseringstyd of inlewingsdatum van 'n akademiese opdrag (tensy die mediese sertifikaat eksplisiet melding maak van die rede waarom dit nie binne 24 uur gedoen kon word nie), en ingelewer word binne 7 dae na die assesserings- of inlewingsdatum van die akademiese opdrag;
- Mediese sertifikate wat deur familieledede uitgereik is, sal nie aanvaar word nie;

- In geval van geestesgesondheidstoestande, sal slegs mediese sertifikate uitgereik deur psigiaters, mediese praktisyns en geregistreerde kliniese sielkundiges aanvaar word;
- Binne die raamwerk van bostaande reëls, kan fakulteite eie fakulteitspesifieke reëlins bepaal, met dien verstande dat minstens die 24 uur-reël in alle gevalle sal geld. Studente moet gevolglik daarop let dat - benewens die bostaande reëls - moontlike fakulteitseie reëls ook in ag geneem moet word by die inlewering van mediese sertifikate.

5. NIE-AFLEGGING VAN TOETSE OP SPESIFIEKE DAE WEENS GELOOFSOORTUIGINGS

Indien daar studente is wat 'n toets weens geloofsoortuigings nie op 'n Vrydagaand/Saterdag of ander spesifieke dag kan aflê nie, moet hulle dit vroegtydig onder die betrokke dosent se aandag bring, sodat gepoog kan word om moontlike alternatiewe reëlins te tref, soos byvoorbeeld aflegging van die "siektetoets", wat in baie modules informeel geskeduleer word om studente wat siek was tydens 'n geskeduleerde toets te akkommodeer. Inligting hieroor kan dalk in die moduleraamwerk of studiegids van modules verskaf word.

6. EKSTRA SKRYFTYD IN TOETSE EN EKSAMENS

Aansoeke van individuele studente om die toestaan van ekstra skryftyd in toetse en eksamens moet vroegtydig by die **Eksamenafdeling** in Blok A van die Sentrale Administrasiegeboue ingedien word, verkieslik so vroeg moontlik gedurende die eerste studiejaar van die student, maar in alle gevalle, met die oog op **toetse**, teen **einde Februarie** vir die **eerste semester** en **15 Augustus** vir die **tweede semester**, en vir die **eksamens**, vóór **1 Mei** vir die **Junie-eksamen** en vóór **1 Oktober** vir die **Novembereksamen**. Dit word vereis dat bevestigende dokumentasie die aansoek moet vergesel. Die elektroniese aansoekproses op hierdie webbladsy moet verkieslik gebruik word, of skakel die Kliëntedienssentrum by 021 808 9111, of doen in persoon navraag by die Eksamenafdeling in Admin A.

Indien toestemming tot die verlening van ekstra skryftyd vir toetse en eksamens egter een keer vir 'n bepaalde tydperk toegestaan is, hoef daar nie weer in die loop van daardie tydperk opnuut aansoek gedoen te word nie.

EKSAMENS

'n Verkorte weergawe van die eksamenbeleid van die Universiteit word hieronder, asook skematies in die tabel op bladsy 11, uiteengesit en is gebaseer op die amptelike weergawe van die eksamenbeleid soos gepubliseer in Deel I (Algemeen) van die 2018-Jaarboek in die hoofstuk **Universiteitseksamens**.

1. KLASPUNT BENODIG VIR TOELATING TOT EKSAMEN

'n Student word slegs toegelaat om die eksamen in 'n module te skryf op grond van 'n **klaspunt van minstens 40**, wat op grond van sy prestasie in die module in die semester of jaar bepaal word. Hierdie regulasie is onderworpe aan die reël dat geen student in 'n module waarvoor die klaspunt op grond van **slegs een toetsing** bepaal is, toelating tot die eksamen in daardie module geweier mag word nie. Klaspunte moet **voor** die aanvang van die **eerste eksamen** verwerf word.

2. EKSAMENBELEID

2.1 Die Universiteit maak voorsiening vir slegs twee gelykwaardige eksamens met 'n duur van 1 tot 3 uur per eksamen, of langer indien deur die Senaat na behoorlike motivering goedgekeur, na afloop van elke module waarvoor 'n eksamen vereis word.

2.2 Die twee eksamens in **eerstesemestermodules** word aan die einde van die eerste semester geskeduleer en staan bekend as die **eerste eksamen in Junie** en die **tweede eksamen in Junie**. Die eerste eksamen in Junie sal normaalweg voor die einde van Mei 'n aanvang neem en direk gevolg word deur die tweede eksamen in Junie.

2.3 Die twee eksamens in **tweedesevester- en jaarmodules** word aan die einde van die tweede semester geskeduleer en staan bekend as die **eerste eksamen in November** en die **tweede eksamen in November**. Die eerste eksamen in November sal normaalweg voor die einde van Oktober 'n aanvang neem en direk gevolg word deur die tweede eksamen in November, wat vroeg in Desember sal eindig.

Let Wel: FINALEJAARSTUDENTE wat om welke rede ook al 'n assessering in 'n module tydens die tweede eksamenperiode in November benut en slaag, sal die betrokke kwalifikasie tydens die gradeplegtighede in Maart van die daaropvolgende jaar ontvang en NIE Desember van die huidige jaar nie.

2.4 Alle studente wat eksamentoelating (kyk par. 1 hierbo vir eksamentoelating) in 'n module verwerf het, het 'n **vrye keuse** of hulle die eerste of die tweede eksamen in 'n module wil aflê, met dien verstande dat die besluit om die eerste eksamen af te lê onherroeplik is wanneer die

student vir die eerste eksamen aanmeld. 'n Student wat tydens die aflê van die eerste eksamen in 'n module in die eksamenlokaal siek word, moet die eksamensessie voltooi. Indien so 'n student dus voor die eerste eksamen in 'n module siek is, moet dit sterk oorweeg word om eerder die tweede eksamen in die module te benut.

2.5 Geen verdere eksamengeleentheid in 'n module - met die uitsondering van 'n Dekansvergunningseksamen aan **finalejaarstudente wat daarvoor kwalifiseer** (kyk par. 8.1.12 in die hoofstuk **Universiteits-eksamens** in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek vir die reëls met betrekking tot 'n Dekansvergunningseksamen) - word ná die tweede eksamen toegestaan nie, ongeag die rede waarom die eksamen nie afgelê kon word nie.

2.6 In gevalle waar die eksamen in 'n module uit meer as een vraestel bestaan, moet alle vraestelle tydens dieselfde eksamengeleentheid afgelê word. Indien een vraestel van 'n module, waarin die eksamen uit meer as een vraestel bestaan, om welke rede ook al nie tydens die eerste eksamen afgelê kan word nie, en die betrokke student nie die module volgens die normale formule vir die berekening van die prestasiepunt slaag nie, vervel die **eksamenpunt(e)** van die vraestel(le) wat wel afgelê is en moet alle vraestelle van die betrokke module in die tweede eksamen afgelê word. Toelating tot die tweede eksamen sal in so 'n geval slegs verleen word indien 'n (gemiddelde) **eksamenpunt** van minstens 50% behaal is in die vraestel(le) wat wel tydens die eerste eksamen geskryf is.

2.7 'n Student wat nie 'n module in die eerste eksamen slaag nie en 'n berekende prestasiepunt van minstens 40 behaal - bereken soos in par. 8.3.3.2 en voor die toepassing van par. 8.3.3.7 tot 8.3.3.9 in die hoofstuk oor **Universiteitseksamens** in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek - mag ook die tweede eksamen in die module skryf. (Sulke studente sal toegelaat word om voor die tweede eksamengeleentheid in 'n module die eerste eksamen - let wel nie hulle eksamenskrif nie - met die dosente te bespreek om sodoende uit hulle foute te leer.)

2.8 Studente wat eksamenroosterbotsings tydens die tweede eksamen ondervind, word deur die Eksamenafdeling tegemoet gekom, deurdat reëlins getref sal word dat botsende eksamens tydens die tweede eksamen direk na mekaar onder toesig soos gereël deur die Eksamenafdeling afgelê word.

2.9 Die feit dat die eksamenstelsel die volg van botsende modules moontlik maak, bied geen student die reg op tegemoetkoming met betrekking tot klas- en/of toetsroosterbotsings nie.

2.10 Die kennisgewing aan kandidate - wat ('n) module(s) in die eerste eksamen gesak het met ('n) prestasiepunt(e) van minstens 40 - vir toelating tot die tweede eksamen geskied departementeel, by wyse van 'n skriftelike kennisgewing op 'n gespesifiseerde kennisgewingbord en

elektronies (byvoorbeeld deur middel van SUNLearn), met dien verstande:

2.10.1 Dat die kennisgewing gedurende die eerste eksamens in Junie en November, onderskeidelik, so spoedig moontlik, maar minstens vyf eksamendae (Maandae tot Saterdag geld as eksamendae) vóór die tweede eksamendag van die betrokke module geplaas word, tensy toestemming vir 'n korter kennisgewingperiode vooraf met motivering by die betrokke Dekaan verkry word. Hierdie afwyking moet binne die eerste twee weke na die aanvang van 'n module aan die betrokke studente gekommunikeer word. Alle prestasiepunte van die eerste eksamen in November moet egter teen die dag wat in die Universiteitsalmanak bepaal is in die US-databasis ingevoer word. Sodra die prestasiepunte op die sentrale databasis van die Universiteit ingevoer is, het studente via die studenteportaal toegang tot die uitslae.

2.10.2 Dat die kennisgewing slegs op normale werksdae (Maandae tot Vrydae) geplaas word.

2.10.3 Dat, indien daar geen kandidate in 'n module is wat ingevolge par. 2.7 toelating tot die tweede eksamen kry nie, 'n kennisgewing in dié verband ook geplaas word.

3. EKSAMENTYDPERKE VAN EERSTE EN TWEDE EKSAMENS

| EKSAMENS 2018 | BEGIN | EINDIG |
|--------------------------------|----------------------|----------------------|
| Junie eerste eksamen | 22 Mei 2018 | 11 Junie 2018 |
| Junie tweede eksamen | 12 Junie 2018 | 29 Junie 2018 |
| November eerste eksamen | 30 Okt 2018 | 21 Nov 2018 |
| November tweede eksamen | 22 Nov 2018 | 8 Des 2018 |

Die spesifieke eksamendatums en –tye van individuele modules word op die webblad van die Universiteit gepubliseer en kan verkry word op dieselfde webblad as hierdie dokument.

4. NIE-AFLEGGING VAN EKSAMEN OP SPESIFIEKE DAE WEENS GELOFSOORTUIGINGS

Indien daar studente is wat 'n eksamen in 'n module weens geloofsoortuigings nie op 'n Vrydagaand/Saterdag of ander spesifieke dag kan aflê nie, moet hulle gedurende die laaste twee klasweke van elke semester by die Eksamenafdeling in Admin A aanmeld, sodat gepoog kan word om moontlike alternatiewe reëlings te tref.

5. EKSAMENLOKALE

Die indeling van modules in eksamenlokale vir die **eerste eksamens** in Junie en November sal op web gepubliseer word die Donderdagmiddag voor die aanvang van die betrokke eksamen. Die indeling van modules in eksamenlokale vir die **tweede eksamens** in Junie en November sal twee dae voor die eksamen in die betrokke module op web gepubliseer word. Die inligting word op dieselfde webblad as hierdie dokument gepubliseer.

Studente moet betyds vooraf seker maak van die lokale waar hulle eksamen sal aflê. **Geen eksamendatum of eksamenlokaalinligting sal telefonies verskaf word nie.**

6. WYSIGING VAN EKSAMENDATUMS VAN MODULES

Wysiging van eksamendatums van modules sal slegs in uitsonderlike gevalle geskied. 'n Wysiging van die eksamendatum van 'n module sal geskied op aanbeveling van die betrokke departementele voorsitter en Dekaan, met finale goedkeuring deur die Registrateur, nadat **elke** student wat vir die betrokke module geregistreer is 'n klaslys onderteken het om aan te dui dat die nuwe ooreengekome datum deur almal aanvaar word. Die reëlings in dié verband moet met die Hoof: Afdeling Roosters en Lokale in Admin A, kamer A2070, uitgeklaar word. Die telefoonnommer is 021-8083022.

7. EKSTERNE HERBEOORDELING VAN EKSAMENANTWOORDSKRIFTE

Die reëls, prosedure en deposito betaalbaar vir die eksterne herbeoordeling van eksamenantwoordskrifte word in die hoofstuk **Universiteits-eksamens** in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek uiteengesit. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir die eksterne herbeoordeling van eksamenantwoordskrifte word hieronder verskaf. Die **aansoekvorm** is op dieselfde webblad as hierdie dokument beskikbaar, of kan by die **Eksamenafdeling** in Admin A verkry word. Vir die 2018-eksamens is die sluitingsdatums soos volg:

| EKSAMEN | SLUITINGSDATUM |
|-----------------------------------|------------------|
| Junie eerste en tweede eksamen | 27 Julie 2018 |
| November eerste en tweede eksamen | 8 Februarie 2019 |

8. FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Bogemelde eksamenbeleid is nie in alle gevalle op die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van toepassing nie. Raadpleeg die jaarboek van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe vir meer besonderhede hieroor.

9. HERREGISTRASIE VAN GESAKTE MODULES

Indien 'n student 'n voorgeskrewe module vir 'n program nie in die loop van die akademiese jaar geslaag het nie, moet hy, onderworpe aan die Universiteit se hertoelatingsvereistes, in 'n volgende jaar opnuut daarvoor registreer, en is ook weer aanspreeklik vir die betaling van die onderriggeld wat vir die module gehef word.

10. EKSTRA SKRYFTYD IN EKSAMENS

Kyk by **Toetse**, punt 6 op bladsy 5, vir besonderhede.

EKSAMENBELEID IN SKEMATIESE VORM

| | JUNIE of NOVEMBER EERSTE EKSAMEN | | JUNIE of NOVEMBER TWEDE EKSAMEN | |
|---|--|---|---|--|
| | Student | Gevolg | Student | Gevolg |
| Eerste-semester- of tweede-semester- of jaarmodule (Om die eksamen in 'n module te mag skryf word 'n klaspunt van minstens 40 vereis) | 1. Skryf en behaal 'n prestasiepunt van 50 of meer | Slaag die module | — | — |
| | 2. Skryf en behaal 'n prestasiepunt van 40 of 45 | Mag weer skryf in tweede eksamen (<i>outomatiese toelating</i>) | Skryf en behaal 'n prestasiepunt van 50 | Slaag die module |
| | | | Skryf en behaal 'n prestasiepunt van minder as 50 | Sak die module, moet dit in 'n volgende jaar herhaal |
| | | | Afwesig, ongeag die rede(s) | Moet die module in 'n volgende jaar herhaal |
| | 3. Skryf en behaal 'n prestasiepunt van minder as 40 | Sak die module, moet dit in 'n volgende jaar herhaal | — | — |
| | 4. Afwesig, ongeag die rede(s). | Outomatiese toelating tot tweede eksamen. Geen bewys of toestemming nodig nie | Skryf en behaal 'n prestasiepunt van 50 of meer | Slaag die module |
| | | | Skryf en behaal 'n prestasiepunt van minder as 50 | Sak die module, moet dit in 'n volgende jaar herhaal |
| | | | Afwesig, ongeag die rede(s) | Moet die module in 'n volgende jaar herhaal |